Besprekings:

Tel 014 743 1968
e-pos: info@adverta.co.za
Web: www.adverta.co.za

Bosveld Veldskool en Avontuurkampe

Gehalte opleiding, interessante programme en opwindende aktiwiteite word by Bayete vir groepe aangebied. Alle ouderdomsgroepe is welkom soos kinders, skoliere, die jeug, studente, volwassenes, godsdiensgroepe en sakemanne.

Bayete is in ’n wildplaas in die hart van die Waterberg Bosveld slegs 1½ tot 2 uur se reistyd vanaf enige plek in Gauteng geleë, en word via die N1 Noord snelweg bereik. Bayete kan 250 besoekers op ’n keer in drie afsonderlike kampe of komplekse huisves.

Die geriewe by Bayete is van uitstekende gehalte vir die doel, en sluit lesingsale, ’n goedtoegeruste kombuis, sport-velde, ’n hindernisbaan en staproetes in. Huisvesting sluit slaapsale vir kinders, met voldoende ablusiegeriewe en storte, ’n boskamp en berghutte of chalets in.

Verskillende tipes kampe, opleiding en opvoedkundige uitstappies word vir skoolleerlinge, families, godsdiensgroepe, sakemanne, sportlui, organisasies en besighede aangebied.

Die tradisionele veldskoolelemente is nog sigbaar by Bayete, maar in ’n nuwe, vloeiende program met ’n innoverende benadering en vernuwende aanslag.

Getuigskrifte

“Wat ’n besondere voorreg om ’n groep mense soos julle te ontmoet” - Laerskool Krugerpark, Potgietersrus.

“Puik en genotvol - sien julle beslis weer” - Hoërskool Pietersburg

“Geluk met aangename en professionele personeel” - Laerskool Piet Hugo, Pietersburg

“Baie dankie vir ’n opwindende week. Die kos was puik en die program onverbeterlik” - Hoërskool Hartbeespoort.

“Thanks for giving our pupils a tremendous outdoor experience which will remain one of the highlights of the year 2000 for them” - Greenside Primary.

“Most enjoyable time and professional programme. Many thanks to the kitchen staff for their amazing effort” - Saxonwold Primary.

Bayete is naby jou!

Pretoria - 153 km
Johannesburg - 192 km
Pietersburg - 151 km
Middelburg - 202 km
Ellisras - 159 km
Thabazimbi - 92 km

Besoek die Bosveld-Waterberg Inligtingsgids by www.adverta.co.za

Besprekings:

Tel 014 743 1968
e-pos: info@adverta.co.za
Web: www.adverta.co.za

Bosveld Veldskool en Avontuurkampe

Die welstand van kinders en besoekers is van die hoogste prioriteit vir Bayete en word verantwoordelik hanteer. Daar word nie meer van ‘n deelnemer verwag as waartoe hy in normale omstandighede in staat is nie. Opgeleide noodhulppersoneel en nood mediese dienste is as voorsorgmaatreël by Bayete beskikbaar.

Die inhoud van elke kursus of kamp by Bayete word vooraf bepaal met in agneming van elke groep se spesifieke behoeftes. Kursusse word volledig deur die span van Bayete aangebied. Besoekers kan egter volgens keuse self die kursusse, of gedeeltes daarvan aanbied of van buite fasiliteerders gebruik maak. Kursusse word gestruktureer om formele lesings, rolvertolking, debat, spanbou, probleemoplossing, samewerking, ontdekking, stap, sport, ontspanning en kampvuuraande en konserte in te sluit.

Kursusse vir skoliere/leerlinge

Avontuurkampe & Veldskool
Leierskap & Leier-identifisering
Graad 8 Oriëntering
Karakterbou
Prefekte/Leerlingraad
Lewensvaardighede en spanbou
Sport en sportklinieke
Natuurlewe/ekologie

Die terrein is geskik vir gebruik deur godsdiensgroepe

Leierskap/geestelike verryking
Geestelike weerbaarheid
Ma-dogter- & pa-seunkampe
Huweliks- en gesinsverryking
Familiebyeenkomste
Troues (daar is ’n Kapèl op die terrein)

Dienste aan die besigheidsektor

Konferensies, seminare, bosberade
Beplanning, opleiding, motivering
Spanbou.
Korporatiewe strategiese beplanning
Veranderinge bestuur